10 Februarie 2025

SLR-projeknommer: 733.023088.0000

**INSAKE: Omgewings- en Maatskaplike Impakbepaling (OMIB) vir Voorgestelde Evalueringsboorwerk in Blok 2814A (PPL 003), Oranjekom langs suidelike Namibië:**

**Kennisgewing van beskikbaarheid van die Konsep-Omgewing- en Maatskaplike Impakbepalingsverslag vir oorsig en kommentaar, en uitnodiging na openbare vergaderings**

---

Geagte meneer/mevrou/mejuffrou

Ons korrespondensie van 18 September 2024 ten opsigte van die kommentaartydperk vir die Konsep-Omvangbepalingsverslag het betrekking. Hierdie skrywe verskaf inligting oor die beskikbaarheid van die Konsep-Omgewing- en Maatskaplike Impakbepalingsverslag (OMIB) vir kommentaar, en nooi alle belanghebbendes uit om openbare vergaderings by te woon.

# 1.0 Agtergrond

BW Kudu Limited (BW Kudu) is die houer van ’n Petroleumproduksielisensie (PPL 003) vir Blok 2814A wat langs die suidkus van Namibië geleë is. Die Blok dek ’n gebied van ongeveer 4 568 $km^2$ en is 85 km van die kus op sy naaste punt in waterdieptes wat wissel van 150 m tot 750 m geleë.

BW Kudu stel voor om tot vier evalueringsboorgate binne die Blok te sink om die teenwoordigheid en gehalte van koolwaterstofbronne te bevestig en te toets. Verwante evalueringsaktiwiteite sluit monsterneming van die seebodem, vertikale seismiese profilering, boorgattoetsing, en die opvulling en prysgewing of opskorting van boorgate in.

Voordat die voorgestelde evalueringsaktiwiteite kan begin, benodig BW Kudu ’n Omgewingsklaringsertifikaat (ECC) vanaf die Ministerie van die Omgewing, Bosbou en Toerisme (MEFT). As deel van hierdie proses moet ’n Omgewings- en Maatskaplike Impakbepaling (OMIB) onderneem word en SLR Environmental Consulting (Namibia) (Pty) Ltd (SLR) is aangestel om die OMIB-proses te onderneem en te bestuur.

Die Finale Omvangbepalingsverslag (FOV) is op 05 Februarie 2025 deur die MEFT aanvaar en het bevestig dat die FOV voldoen aan die minimum vereistes van artikel 8 van die OIB-regulasies 2012 en dat SLR mag voortgaan met die OMIB ingevolge die verwysingsraamwerk wat in die FOV voorgelê is.

Hierdie OMIB-proses is nou in die Impakbepalingsfase wat ten doel het om:

- Potensiële impakte van die voorgestelde projek op die ontvangende omgewing te identifiseer, te evalueer en daaroor verslag te doen;
- Geskikte versagtende maatreëls te bepaal om beduidende negatiewe omgewings- en maatskaplike impakte te vermy en/of verminder, en om voordele te versterk, waar moontlik; en
- ’n Geleentheid aan belanghebbendes te bied om kommentaar te lewer op die bevindings van die OMIB-proses en om MEFT-besluitneming in te lig.

## 2.0 Beskikbaarheid van die Konsep-OMIB-verslag vir oorsig en kommentaar

SLR het 'n Konsep-OMIB-verslag saamgestel wat van **12 Februarie tot 14 Maart 2025** vir 'n 30-dae-tydperk vir oorsig en kommentaar beskikbaar gestel word. Die Konsep-OMIB-verslag is beskikbaar om afgelaai te word vanaf die SLR-webwerf (**https://www.slrconsulting.com/public-documents/BWKudu-ESIA**) en in 'n gedrukte weergawe by die **Walvisbaai Openbare Biblioteek** (Nangolo Mbumba-rylaan, Burgersentrum) en **Lüderitz Openbare Biblioteek** (Ringstraat) vanaf 12 Februarie 2025.

## 3.0 Uitnodiging om op projekdatabasis te registreer en kommentaar te lewer

Om as 'n belangstellende en/of geaffekteerde party te registreer en kommentaar oor die Konsep-OMIB-verslag te lewer, voltooi asseblief die **Registrasie-/Kommentaarvorm** deur die QR-kode te skandeer, deur hierdie skakel na die aanlyn vorm te volg (https://forms.office.com/e/Fe8nP3nL9y) of deur 'n e-pos na SLR toe te stuur.

Ten einde kommentaar by die Finale OMIB-verslag in te sluit en antwoorde daarop te verskaf, moet dit teen **nie later nie as 14 Maart 2025** deur SLR by die kontakbesonderhede hier onder ontvang word.

**SLR Environmental Consulting (Namibië) (Edms) Bpk**
**Aandag:** Robyn Christians
**Posadres:** General Murtala Muhammed-laan 8, Eros, Windhoek
**E-pos:** bwkuduPPL003@slrconsulting.com **Tel:** 061 231 287
**Registrasie-/Kommentaarvorm:** https://forms.office.com/e/Fe8nP3nL9y
**SLR-webwerf:** https://www.slrconsulting.com/public-documents/BWKudu-ESIA

## 4.0 Uitnodiging om openbare vergaderings by te woon

Ons nooi alle belanghebbendes hartlik uit om die openbare vergaderings in Lüderitz en Walvisbaai by te woon (besonderhede in die tabel hier onder). Die doelwitte van hierdie openbare vergaderings is om 'n oorsig van die projekvoorstel en bevindings van die OMIB-proses te verskaf, asook om belanghebbendes 'n verdere geleentheid te gee om kommentaar te lewer.

| Ligging | Naam van plek | Datum en tyd |
|---|---|---|
| Lüderitz | The Nest Hotel | 18 Februarie 2025, 10h00 |
| Walvisbaai | The Protea Indongo Hotel | 19 Februarie 2025, 11h00 |

Indien u navrae in hierdie verband het, is u welkom om die ondergetekende te kontak.

Groete

**SLR Environmental Consulting (Namibia) (Proprietary) Limited**

**Robyn Christians**
Senior Omgewingskonsultant

**Jeremy Blood**
Mede-Omgewingskonsultant

**Nota: SLR is verbind tot die beskerming van enige persoonlike inligting wat as deel van hierdie openbaredeelnameproses**

**BW KUDU LIMITED**

# Omgewings- en Maatskaplike Impakbepaling (OMIB) vir Voorgestelde Evalueringsboorwerk in Blok 2814A (PPL 003), Oranjekom langs suidelike Namibië

## REGISTRASIE- EN KOMMENTAARVORM

**12 Februarie 2025**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | | | |
| **Naam** | | | |
| **Organisasie/maatskappy** | | | |
| **Posadres** | | | |
| | | | |
| | | **Poskode** | |
| **Telefoonnommer** | | | |
| **E-posadres** | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Registreer my asseblief as ’n belangstellende en geaffekteerde party (B&GP) sodat ek gedurende die proses van Omgewingsmagtiging verdere inligting en kennisgewings kan ontvang | JA ☐ | NEE ☐ |

**Hoe sou u graag u kennisgewings wou ontvang?**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **E-pos:** | | **SMS:** | | **Pos:** | |

**Skryf asseblief u kommentaar en vrae hier neer (gebruik aparte velle as u dit nodig het)**

........................................................................................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................................................................................

**Nota:** U kan ook kommentaar lewer deur die aanlyn Registrasie- en Kommentaarvorm te gebruik. Skandeer die QR-kode of volg hierdie skakel: (https://forms.office.com/e/Fe8nP3nL9y).

**Sluit asseblief die volgende kollegas/vriende/bure van my as B&GP’e vir hierdie projek in:**

**Stuur asseblief die voltooide vorm terug na:**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **SLR-kontak:** | Robyn Christians | **Telefoon:** | 061-231287 | **E-pos:** | BWKuduPPL003@slrconsulting.com |

Deur u persoonlike inligting vir hierdie OMIB te verskaf, stem u daartoe in dat SLR u op die projekdatabasis vir B&GP’e registreer. Dit word aanvaar dat u, as ’n B&GP vir hierdie OMIB, magtiging aan SLR toestaan om u persoonlike inligting te behou en gebruik as deel van ’n kontakdatabasis vir hierdie en/of ander OMIB’s, en dat u bevestig dat u instem dat SLR u oor hierdie en/of ander OMIB-prosesse mag kontak. SLR sal nie u persoonlike inligting prosesseer nie, behalwe soos toegelaat of vereis deur OMIB-prosesse of soos deur die wet of openbare beleid bepaal. SLR sal redelike, toepaslike sekuriteitsmaatreëls toepas om persoonlike inligting te beskerm, en om redelikerwys enige skade aan, verlies van of ongemagtigde toegang tot of bekendmaking van persoonlike inligting te voorkom, behalwe soos vereis vir OMIB-prosesse of soos deur enige wet of openbare beleid bepaal. U mag enige tyd met SLR in verbinding tree en versoek dat u persoonlike inligting uit die B&GP-databasis verwyder word.